

WEEK 22-26 JUNIE

GRAAD 8 NW

Dinsdag: Merk jou huiswerk


Kalsium: Ca het 20 protone, 20 elektrone en ($40 - 20 = 22$) neutrone. Jy moet die massagetal afrond na die naaste heelgetal: so 40.1 word 40

Magnesium: Mg het 12 protone, 12 elektrone en ($24 - 12 = 12$) neutrone

Chloor: Cl het 17 protone, 17 elektrone en ($36 - 17 = 19$) neutrone


Bladsy 61: Verbindings kan nou weer ontbind word in eenvoudiger stowwe. Dit benodig energie wat moet bygevoeg word.

Voorbeeld: kwikoksied word verhit oor 'n vlammetjie . Na 'n rukkie vorm daar silwerkleurige druppels teen die rante van die proefbuis. Dit is die kwik wat vrygestel is uit die kwikoksied. Die suurstof wat vrygestel word kan mens sien as borrels as jy dit deur water borrel. Dieselfde gaan gebeur as jy loodoksied en koperkarbonaat verhit. Loodoksied word geskei in lood en suurstof en koperkarbonaat word geskei in koperoksied en suurstof



Water en koperchloried kan geskei word deur gebruik te maak van 'n elektriese stroom. Die proses word ELEKTROLISE genoem (kyk aktw 3 op p 61).

Koperchloried word geskei in koper en chloor. Water word geskei in waterstof en suurstof.






Donderdag

Mengsels van elemente en verbindings p 62

Dink aan sout en peper wat jy meng as jy gaan vleisbraai. Jy kan nog steeds die peper sien en proe en die sout sien en proe. Die sout en peper is nie chemies verbind nie en jy kan dit skei deur van fisiese metodes gebruik te maak. Dit men gook nie in vaste verhoudings nie. Jy kan 'n koppie sout vat en een teelepel peper bygooi. 'n Ander voorbeeld is die kaneelsuiker wat jy op pannekoek strooi. Geen energie word uitgeruil nie.

Die fisiese skeidingsmetodes het jy in graad 7 geleer: dit is filtrering, sortering, distillering, verdamping en chromatografie



Teken die tabel onder aan p 62 oor in jou boek en leer dit

